WEES LIG. LEEF LIG.

Huisgeloof- en groeigroepmateriaal

Sondag 16 Maart 2025
Tema: **Ons voorreg**

Dankbaarheid: 'n uitvloeisel van 'n ligte lewe.

OPENING

Hoe meer ons oefen om 'n dankbare gesindheid, 'n vriendelike gesig en 'n glimlaggende hart te hê, hoe meer kry ons dit reg.
Open hierdie byeenkoms met slegs dankgebede vir die Here
Daarna kan jul "lief en leed" doen en intree vir mekaar in gebed.

re.

Sondag 16 Maart 2025
Tema: **Ons voorreg**

Ons teks vir hierdie reeks is Mat.11:28

MATTEUS 11:28-30

"Kom na My toe almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart en **julle sal rus kry vir julle gemoed**. My juk is sag en my las is lig."
In die Boodskap / Message:
Are you tired? Worn out? Burned out on religion? Come to me. Get away with me and you'll recover your life. I'll show you how to take a real rest. Walk with me and work with me—watch how I do it. Learn the unforced rhythms of grace. I won't lay anything heavy or ill-fitting on you.
Keep company with me and you'll learn to live freely and lightly.

KOM ONS LEES Romeine 5

"[1] God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. [2] Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God. [3] Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, [4] en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; [5] en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. [6] Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe. [7] 'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. [8] Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. [9] Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word. [10] Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word. [11] Maar dit is nie al nie. Ons verheug ons ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening ontvang het."

Sondag 16 Maart 2025
Tema: **Ons voorreg**

VERLOOP
Kyk mooi.

Kyk weer na **verse 1-2:**

- **:1** Vryspraak > lei tot > **vrede**

- **:2 Ons geloofsverhouding > *is ingebed*** in **genade**

- **: 2** Bogenoemde lei tot **vreugde** (vreugde in hoop) >om deel te hê aan die **heerlikheid van God**.

- :3 En dan, die onverwagte. Ons **verheug** ons ook in die **swaarkry**.

Swaarkry > kweek **volharding** > kweek **egtheid van geloof** > kweek **hoop**

Wat leer Romeine 5 ons hier oor ’n ligter lewe?

Notas

Sondag 16 Maart 2025
Tema: **Ons voorreg**

VERDERE GESPREK

- Jesus se lydenstyd vertel ons van hierdie vryspraak, vrede en genade.
  Ons voorreg om vrygespreek te wees, vrede en hoop te hê, plaas ’n
  koevert met 'n boodskap uit Romeine 5 in ons hande om aan ander mense hoop te gee in ‘n tyd van swaarkry?

Notas

UIT SONDAG SE EREDIENS

Wat kan jul byvoeg uit Sondag se eredienste op ons kampusse?

Notas

Sondag 16 Maart 2025
Tema: **Ons voorreg**

MAAK VAS

- Lydenstyd en Paastyd is van die belangrikste tye in ons kerkjaar. Die kleure is pers en wynrooi.
- Simbole is spykers, doringkroon, duisternis (graf) en lig (opstanding).

Hoe kan ons gedurende hierdie Paastyd hoop bring en die voorreg van verloste kinders van God simboliseer en na buite uitdra?

Gebed
Kyk weer na die verhaal van **Lukas 18:9-14** en maak dit deel van jul gebede.